




Wes-Kaapse
Regering
VIR JOU

Menslike Nedersettings




A woman with dark hair tied back is shown from the side, wearing glasses and a teal top. She is holding a large, metallic house-shaped key fob with a chain around her neck. The background is a gradient from teal to olive green.

BEHUISINGSUBSIDIES

VERDIEN U TUSSEN
R7 501 - R22 000p/m?

IS U WYS MET DIE AANKOOP VAN U HUIS? IS U INGELIG OOR U REGERINGBEHUISINGOPSIES?

Indien u **R7 501 - R22 000**
per maand verdien, kan u kwalifiseer vir:



Wees **WYS MET DIE AANKOOP VAN U HUIS** en
kom ons bele in 'n toekoms wat beter tesame is.

VERDIEN U TUSSEN R7 501 EN R22 000 PER MAAND?

Indien u huishoudelike inkomste tussen R7 501 en R22 000 per maand is, kan u kwalifiseer vir die volgende behuisingsopsies:



HELP MY OM 'N HUIS TE KOOP / FINANSIES-GEKOPPELDE INDIVIDUELE SUBSIDIEPROGRAM (FLISP)

Hierdie subsidie kan deur nuwe huiskopers gebruik word om 'n eiendom te koop. Dit kan ook gebruik word om 'n gedenste residensiële erf te koop of 'n nuwe huis op 'n residensiële erf wat u reeds besit, te bou. Subsidies word volgens u inkomstekategorie verskaf en kan gebruik word om u maandelikse huisleningspaaiemnt te verminder. U huislening gaan dus meer bekostigbaar wees. Die subsidie word bepaal deur u huishoudelike inkomste en wissel tussen R30 001 - R130 505. Sodra u huislening goedgekeur is, kan u direk by die Wes-Kaapse Departement van Menslike Nedersettings vir 'n Help My Om 'n Huis te Koop / FLISP-subsidie aansoek doen.



VERBETERDE UITGEBREIDE KORTINGSVOORDEEL-SKEMA

Hierdie program is ontwerp om u te help om 'n huiseienaar van pre-1994 huurbehusing (munisipale en provinsiale behusing) te word. Indien u 'n staatseiendom sedert voor 1994 huur, kan u vir hierdie program kwalifiseer. Sommige munisipaliteite het reeds baie van hul behusingseenhede oorgedra na huurders wat die Kortingsvoordeelskema benut het. Aansoeke en navrae kan direk by u naaste munisipaliteit gedoen word.



MAATSKAPLIKE BEHUISING

Met hierdie subsidie kan u toegang verkry tot 'n huurhuis of woonstel. Staatsbefondsing word aan Maatskaplike Behuisingsinstellings verskaf om die huureenhede te bestuur. U betaal dan 'n verminderde huurbedrag aan die Maatskaplike Behuisingsinstelling wat volgens u huishoudelike inkomste bepaal word. Navrae en aansoek kan direk by u naaste munisipaliteit gedoen word.

Tree asseblief met die Departement van Menslike Nedersettings in verbinding om nadere besonderhede te bekom.

Besoek Waalstraat 27, Kaapstad
Skakel die navrae-toonbank by 021 483 6488/0611/8984
(Maandag tot Vrydag van 7:30 tot 15:00)

Epos: human.settlements@westerncape.gov.za; of
besoek die departement se webwerf by:
www.westerncape.gov.za/dept/human-settlements

